Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: UITDAGINGS WAT KONGO NA ONAFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET

   VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWINGPROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie. Die bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE GROEIENDE INVLOEDSFERE IN EUROPA TOT SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) BYGEDRA?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Hoe, volgens die bron, het die groot Europese moondhede hulle ná die oorlog bevind? (2 x 1) (2)

1.1.2 Waarom, volgens die bron, is die Verenigde State na die oorlog steeds as die wêreld se voorste militêre mag beskou? (2 x 1) (2)

1.1.3 Definieer die historiese konsep '*imperialistiese uitbreiding'* in die konteks van die rol wat die Verenigde State in Europa na die oorlog gespeel het. (1 x 2) (2)

1.1.4 Hoekom dink jy het die Verenigde State, Stalin daarvan beskuldig dat hy die Jalta-ooreenkoms oor die reg van selfbeskikking oortree het? (1 x 2) (2)

1.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die verdeling van Europa in twee blokke, die hart (kern) van die stryd tussen die Supermoondhede geword het. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Gee TWEE redes uit die bron wat daarop dui dat die Sowjetunie kommunisme in Oos-Europa versprei het. (2 x 1) (2)

1.2.2 Volgens die bron, waar het Churchill geglo dat die Ystergordyn neergedaal het? (2 x 1) (2)

1.2.3 Lewer kommentaar oor hoekom Churchill en Truman albei geglo het dat kommunisme 'n bedreiging vir vrede en stabiliteit in die na-oorlogse wêreld inhou? (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Hoe, volgens die bron, het Stalin Churchill beskryf? (1 x 2) (2)

1.3.2 Haal bewyse uit die bron aan wat bewys dat Stalin vir ŉ moontlike militêre konfrontasie met die Weste voorberei het. (1 x 2) (2)

1.3.3 Definieer die konsep '*Ystergordyn'* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.3.4 Verduidelik hoekom so baie Sowjette vir na-oorlogse samewerking met die Weste gekies het? (1 x 2) (2)

1.3.5 Lewer kommentaar oor hoekom dit Stalin baie maande geneem het om sy mense te oortuig van die waargenome gevaar uit die Weste en om ŉ ware "Ystergordyn" om sy ryk te bou. (1 x 2) (2)

1.3.6 Verduidelik die bruikbaarheid van hier die bron vir geskiedkundiges wat navorsing doen oor hoe Churchill se toespraak tot groeiende spanning in Europa bygedra het. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Watter boodskappe dra die spotprenttekenaar aangaande die Sowjet uitbreiding in Oos-Europa oor? (2 x 2) (4)

1.4.2 Verduidelik in jou eie woorde hoekom Stalin oor soveel lande in Oos-Europa beheer wou hê? (1 x 2) (2)

1.5 Vergelyk Bron 1B en Bron 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die inligting in Bron 1C met betrekking tot die toenemende vyandigheid tussen die VSA en USSR ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe die groeiende invloedsfere in Europa tot die Koue Oorlog-spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie bygedra het. (8)

**[50]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## VRAAG 2: WAT WAS DIE REDES VIR DIE BETROKKENHEID VAN SUID-AFRIKA IN DIE ANGOLESE BURGEROORLOG?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Definieer die konsep 'b*urgeroorlog'* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.2 Wanneer, volgens die bron, het ŉ burgeroorlog in Angola uitgebreek? (1 x 1) (1)

2.1.3 Haal bewyse uit die bron aan wat bewys dat die MPLA ŉ sosialistiese party was. (2 x 1) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar op die stelling: "In Junie 1975 het die interne konflik ŉ kritieke vlak ten gunste van die MPLA bereik." (1 x 2) (2)

2.1.5 Hoekom dink jy het die Suid-Afrikaanse Regering ingestem om geheime militêre steun aan UNITA en die FNLA te gee? (2 x 2) (4)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Waarom, volgens die bron, was Angola, so belangrik vir Suid-Afrika in die 1960's en die vroeë 1970's? (2 x 1) (2)

2.2.2 Waarom, volgens die bron, is baie van die samewerking tussen Portugal en Suid-Afrika in die geheim gevoer? (3 x 1) (3)

2.2.3 Noem TWEE redes uit die bron, waarom die Suid-Afrikaanse Regering die vooruitsig van ŉ vyandige regering in Luanda gevrees het sodra die land onafhanklik geword het. (2 x 1) (2)

2.2.4 Verduidelik waarom die Verenigde State die MPLA as ŉ marionetparty van die Sowjetunie beskou het. (1 x 2) (2)

2.2.5 Verduidelik die konsep '*ekspansionisme'* in die konteks van die Sowjetunie se betrokkenheid in Angola. (1 x 2) (2)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens die bron, het Vorster geglo sou gebeur het as Suid-Afrika nie by Angola betrokke geraak het nie? (2 x 1) (2)

2.3.2 Hoekom dink jy het die MPLA nie die teenwoordigheid van die Russe en die Kubane bekend gemaak (onthul) nie? (1 x 2) (2)

2.3.3 Lewer kommentaar op: "Suid-Afrika het wel die vrye wêreld ŉ diens in Afrika gelewer deur dit baie duidelik na vore te laat kom." (1 x 2) (2)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.3.4 Verduidelik die beperkings van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die betrokkenheid van Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog navors. (2 x 2) (4)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskap dra die foto aangaande die aanvanklike betrokkenheid van Suid-Afrika tydens die Angolese Burgeroorlog oor? (2 x 2) (4)

2.4.2 Hoekom dink jy sal die Suid-Afrikaanse Regering nie wil hê dat 'n foto soos hierdie in 1975 gepubliseer word nie? (1 x 2) (2)

2.5 Vergelyk Bron 2B en Bron 2C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2B die inligting in Bron 2C met betrekking tot Suid-Afrika se teenkanting teen 'n MPLA-beheerde regering in Angola. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die redes vir die betrokkenheid van Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog verduidelik. (8)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE BURGERREGTE-AKTIVISTE IN DIE GESIG GESTAAR IN HUL POGINGS OM BIRMINGHAM TE DESEGREGREER?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Watter twee groepe, volgens die bron, het aan die Birmingham-veldtog deelgeneem? (2 x 1) (2)

3.1.2 Noem VIER vorme van geweldlose stakings wat gebruik is toe die veldtog van stapel gestuur is. (4 x 1) (4)

3.1.3 Definieer die term "s*egregasie*" in die konteks van die Verenigde State van Amerika. (1 x 2) (2)

3.1.4 Hoekom, dink jy, het die stadsregering 'n staatshofbevel (beslissing) teen die betogings verkry? (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Volgens die bron, wat het Martin Luther King geglo word vereis in 'n geweldlose veldtog? (4 x 1) (4)

3.2.2 Definieer die konsep '*rassevooroordeel'* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2.3 Hoekom, dink jy, het Martin Luther King gevoel dat die regstelsel in Birmingham onregverdig was? (1 x 2) (2)

3.2.4 Lewer kommentaar op wat Martin Luther King bedoel het met die stelling: 'Ons weet deur pynlike ervaring dat vryheid nooit vrywillig deur die onderdrukker gegee word nie.' (1 x 2) (2)

3.2.5 Lewer kommentaar oor die betroubaarheid van die bron aan 'n geskiedkundige wat die rol van Martin Luther King in die Birmingham-veldtog navors. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskap word in die foto oor desegregasie in Birmingham uitgebeeld? (1 x 2) (2)

3.3.2 Verduidelik hoe foto's soos hierdie die Burgerregte-veldtog sou bevoordeel? (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.4 Bestudeer Bron 3D.

3.4.1 Wie, volgens die bron, was 'kwaad' vir die betogers? (2 x 1) (2)

3.4.2 Hoekom, dink jy, het die studente die protes as 'n oorwinning beskou? (1 x 2) (2)

3.4.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die reaksie van die Birmingham Owerhede as 'n oormatige gebruik van geweld teen die betogers beskou kan word? (2 x 2) (4)

3.4.4 Verduidelik waarom die spreker 'die mense vermaan (aangeraai) het om geweldloos' oor die publieke adresstelsel te wees. (1 x 2) (2)

3.5 Vergelyk Bron 3C en Bron 3D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C ondersteun word deur die inligting in Bron 3D met betrekking tot die reaksie van die owerhede op die betogers in Birmingham. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik watter uitdagings die burgerregte-aktiviste in die gesig gestaar het in hul pogings om Birmingham te desegregeer. (8)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

"Alhoewel die Viëtkong deur die Verenigde State van Amerika in vuurkrag oortref is, was hulle slimmer en het meer gehad om voor te veg in Viëtnam."

Stem jy saam met die stelling? Ondersteun jou antwoord deur relevante historiese bewyse te gebruik? **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Tot watter mate was die politieke en ekonomiese beleide, wat deur Mobuto Sese Seko ingestel is, verantwoordelik daarvoor om die Kongo in ŉ eenpartystaat te omskep.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou antwoord te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWINGPROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Die Swartmagbeweging het ŉ verskuiwing van geweldlose protes na ŉ meer militante benadering in die stryd vir Afro-Amerikaanse vegte gemerk.

Bespreek kritiese hoe effektief hierdie benadering was om verandering in die Verenigde State gedurende die 1960's en die 1970's teweeg te bring.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou antwoord te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2025

# GESKIEDENIS V1 ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## VRAAG 1: HOE HET DIE GROEIENDE INVLOEDSFERE IN EUROPA TOT KOUE OORLOGSPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) BYGEDRA?

### BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik hoe Europa na die Tweede Wêreldoorlog in twee afsonderlike blokke verdeel was.

Die einde van die Tweede Wêreldoorlog het nie ŉ terugkeer na normaliteit aangedui nie, inteendeel, dit het ŉ nuwe konflik tot gevolg gehad. Die groot Europese moondhede wat in die 1930's aan die voorpunt van die internasionale verhoog was, is uitgeput en verwoes deur die oorlog gelaat, wat die toneel vir die ontstaan van twee nuwe globale supermoondhede gevorm het. Twee blokke het rondom die Sowjetunie en die Verenigde State ontwikkel, met ander lande wat gedwing is om tussen die twee kampe te kies. Die USSR het territoriaal vergroot en met ŉ aura (atmosfeer) van aansien uit die oorlog gekom nadat hy Hitler se Duitsland geveg het. Die land het ŉ nuwe lewe gekry deur sy heldhaftige weerstand teen die vyand, geïllustreer deur die oorwinning by Stalingrad. Die USSR het ook ŉ ideologiese, ekonomiese en sosiale model aangebied wat soos nog nooit tevore na die res van Europa uitgebrei het nie.

Die Verenigde State was die groot oorwinnaar van die Tweede Wêreldoorlog. Sy menslike en materiale verliese was relatief laag, en al was die Amerikaanse weermag ŉ paar maande na die beëindiging van die vyandelikhede amper heeltemal gedemoboliseer, het die Verenigde State die wêreld se voorste militêre mag gebly. Sy vloot en lugmag was ongeëwenaard, en tot 1949 was dit die enigste land met die vermoë om kernwapens te vervaardig.

Elke land het die nuutgevonde mag van die ander gevrees. Die Sowjette het omring en bedreig deur die Weste gevoel, en het die Verenigde State daarvan beskuldig dat hulle aan die voorpunt (die dryfkrag) van 'imperialistiese uitbreiding' is. Op hul beurt was die Amerikaners bekommerd oor Kommunistiese uitbreiding en het Stalin daarvan beskuldig dat hy die Jalta-ooreenkoms oor die reg van vrye volke op selfbeskikking verbreek het.

Vanaf 1947 was Europa, wat in twee blokke verdeel is, die hart (kern) van die stryd tussen die twee supermoondhede. Die Koue Oorlog het sy eerste klimaks (hoogtepunt) met die Sowjet-blokkade van Berlyn bereik. Die ontploffing van die eerste Sowjet-atoombom in die somer van 1949 het die USSR in sy rol as wêreldmoondheid versterk. Hierdie situasie het die voorspellings van Winston Churchill bevestig, wat in Maart 1946 die eerste Westerse staatsman was wat gepraat het van ŉ 'Ystergordyn' wat Europa nou in twee verdeel het.

[Uit http://www.cvce.eu/obj/the_cold_war_1945_1989_full_text-en-6dfe06ed4790-48a4-8968-855e90593185.html. Toegang op 09 Februarie 2025]

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## BRON 1B

Die uittreksel hieronder verwys na Winston Churchull se beroemde *Sinews of Peace*-toespraak wat in 1946 gelewer is. Churchill, wat die oorlog in Europa gewen het, net om in die Britse algemene verkiesing in Julie 1945 te verloor, het die uitnodiging gretig aanvaar om op dieselfde platform as die president van die Verenigde State te verskyn.

Churchill het geweet dat terwyl die wêreld daarna uitgesien het om die gruwels van oorlog agter te sit, gebeure aan die begin van 1946 ŉ nog donkerder toekoms voorspel (waarskuwingsteken) het. In die nasleep van die Geallieerde oorwinning het die Sowjetunie Oos-Europa na hul beeld begin vorm, wat die regerings van baie nasies in lyn gebring het met Moskou. Op 9 Februarie het Premier Joseph Stalin ŉ toespraak gelewer waarin hy verklaar het dat oorlog tussen die Ooste en Weste onvermydelik (onafwendbaar) is. Op 22 Februarie het die Amerikaanse Ambassadeur in Moskou, George F Kennan, die beroemde "Long Telegram", ŉ waarskuwing van die Sowjetunie se ewige vyandigheid teenoor die Weste, gestuur.

Toe, op 5 Maart 1946, by Westminister College in Fulton, het Churchill se bekende woorde "Van Stettin in die Oossee, tot Triëst in die Adriatiese See, het ŉ Ystergordyn oor die vasteland neergedaal," die Koue Oorlog ingelui en die geo-politieke landskap vir die volgende 50 jaar omraam (gevorm). Die voormalige eerste minister, met president Truman aan sy sy, het die bedreiging wat die Sowjetunie en kommunisme vir vrede en stabiliteit in die na-oorlogse wêreld inhou, verwoord (uitgedruk). Deur die gees van die Atlantiese Handves aan te roep, het hy gevra vir ŉ versterking van Anglo-Amerikaanse bande en dat die Verenigde Nasies ŉ vredesbevordende wêreldorganisasie word wat sou slaag waar sy voorganger, die Volkebond, misluk het.

"*The Sinews of Peace*," die titel wat Churchill self sy toespraak gegee het, duur vandag as een van die mees betekenisvolle toesprake voort. Dit het nie net die term "ystergordyn" ŉ huishoudelike frase gemaak nie, maar dit het die term "spesiale verhouding" geskep, wat ŉ blywende alliansie tussen die Verenigde State en Groot Brittanje beskryf.

[Uit https://winstonchurchill.org/resources/speeches/1946-1963-elder-statesman/the-sinews-of-peace/. Toegang op 09 Februarie 2025 verkry.]

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 1C**

Die uittreksel hieronder is uit ŉ boek, geskryf deur Vladislav Zubok, professor in internasionale geskiedenis, met kundigheid oor die Koue Oorlog, die Sowjetunie en Stalinisme, waarin hy Stalin se reaksie op se Churchill se "Ystergordyn" behandel.

Winston Churchill se "Ystergordyn"-toespraak is nooit deur die Sowjet-pers gepubliseer nie – eers in Mei 1998 het dit, in Russies, in ŉ historiese argiefjoernaal verskyn. Stalin het self sy mense in Pravda daaroor ingelig. Hy het Churchill met Hitler vergelyk en hom beskryf as " ŉ oorlogvoerder" wat op "Anglo-Saksiese … rasse" wêreldoorheersing gemik het. Terselfdertyd het hy beweer dat die Sowjetunie, ondanks onlangse oorlogsverliese, in staat was om nog ŉ oorlog te voer en te wen. Stalin se harde reaksie was berekend en nie emosioneel nie.

Teen die herfs van 1945 het die Sowjet-diktator met voorbereidings vir ŉ moontlike konfrontasie met die Weste begin. Benewens atoom en ander militêre projekte, het hy ŉ veldtog geloods om sy luitenante van enige "illusies" oor die Weste – en Churchill – se goeie wil te ontken (oortuig).

Die "Ystergordyn"-toespraak het hom ŉ voorwendsel (rede) gegee om die Sowjet-mense teen hul voormalige bondgenote te mobiliseer. Dit was nie ŉ maklike taak nie. Baie Sowjets, uitgeput en honger, het gekies vir na-oorlogse samewerking met die Weste – nie vir ŉ geslote ryk van Berlyn tot Vladivostok nie. En baie was nie geïnteresseerd in ŉ mitiese (fiktiewe) "oorlogsbedreiging" van die Weste nie. Inteendeel, die meeste Sowjette het die Amerikaanse *Lend-Lease*-program onthou, insluitende Amerikaanse blikkieskos was tydens die oorlog na hul nasie gestuur is, en het gehoop dat hierdie hulp sou voortgaan. Daar was selfs gerugte onder kleinboere dat Westerse moondhede Stalin sou "dwing" om die gehate kollektiewe plase te ontbind.

Daardie militêre professionele persone, wat ŉ konfrontasie van Amerikaanse atoomkrag en Britse lugbasisse rondom die Sowjetunie gevrees het, het Stalin se reaksie op Churchill, as uitdagende bravado (arrogansie) beskou. In Maart 1946, het Stalin vir die eerste keer sy top mense gesuiwer, onder wie die veroweraar van Berlyn, Maarskalk Georgi Zhukov was. Dit het nog baie maande geneem vir Stalin om sy mense te oortuig van die waargenome gevaar uit die Weste en om ŉ ware "Ystergordyn" om sy ryk te bou.


[Uit Inside the Kremlin's Cold War by Vladislov Zubok. Gepubliseer 1996]

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 1D**

Die volgende spotprent is deur die Britse spotprenttekenaar Leslie Illingsworth geteken [Junie 1947]. Dit beeld Stalin se pogings uit om Sowjetbeheer buite Oos-Europa uit te brei, wat die kommer oor die groeiende ideologiese bedreiging weerspieël.




[Uit *https://www.jchistorytuition.com.sg/jc-history-tuition-notes-origins-of-the-cold-war-cartoon-case-studies/. Toegang op 08 Februarie 2025 verkry*]


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: WAT WAS DIE REDES VIR DIE BETROKKENHEID VAN SUID-AFRIKA IN DIE ANGOLESE BURGEROORLOG?

### BRON 2A

Die bron hieronder is deel van ʼn memoir deur Johan Du Preez, die mede-outeur van die boek, *Operation Savannah*. Dit fokus op hoe buitelandse lande by Angola betrokke geraak het.

In sy boek, *Angola – Operation Savannah 1975–1976* (Pretoria 1989), het prof F.J. du Toit Spies verklaar dat die onafhanklikheidsproses in die Portugese kolonies van Mosambiek en Guinee-Bissau relatief glad verloop het. In Angola het daar egter ʼn burgeroorlog tussen drie oppenerende vryheidsbewegings uitgebreek – UNITA, die FNLA en die MPLA – wat elkeen in beheer van die land wou wees op 11 November 1975, die datum wat vasgestel is vir Portugal om te vertrek.

Ideologieë het ʼn belangrike rol gespeel. Die MPLA het ʼn Marxistiese basis gehad en het die ondersteuning van Rusland, Kuba en ander kommunistiese lande met, onder andere, hul militêre magte wat reeds in Angola ontplooi is. UNITA en die FNLA het na die Weste geleun en het minder, hoofsaaklik klandestiene (geheime) steun van Amerika en Frankryk ontvang.

In Julie 1975 het die interne konflik ʼn kritiese vlak ten gunste van die MPLA bereik. UNITA en die FNLA het Suid-Afrika vir ondersteuning genader. Betrokkenheid deur Amerika se Sentrale Intelligensie-Agentskap (CIA) het daartoe gelei dat die Suid-Afrikaanse regering ingestem het om geheime militêre steun aan hierdie twee bewegings te verleen. Gevolglik, het die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) betrokke geraak by ʼn klandestiene (geheime) operasie in Angola oor die tydperk Julie 1975 – Januarie 1976. Die veldtog was bekend as Operasie Savannah.

[Uit https*: Operation Savannah - The battle of the casualties of the war. Johan Du Preez Julie 2017*].

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 2B**

Die uittreksel hieronder, geskryf deur Christopher Saunders, ŉ historikus, beklemtoon die redes vir die betrokkenheid van Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog.

Wat ná Angolese onafhanklikheid gebeur het, is natuurlik deels gevorm deur vroeëre betrekkinge tussen die twee lande. Voor die staatsgreep van Lissabon van April 1974, was die Portugese heersers van Angola noue bondgenote van apartheid Suid-Afrika, en gedurende die 1960's en die vroeë 1970's het die Suid-Afrikaanse regering Angola gesien as ŉ sleuteldeel van die buffer van wit-regerende state wat Suid-Afrika geskei het van die swart-regeerde Afrika in die noorde en Suid-Afrika van ŉ beskermende skild voorsien. Suid-Afrika het ŉ konsulaat-generaal in Luanda gehad, maar baie van die samewerking tussen die twee lande is in die geheim gedoen om eksterne ondersoeke te vermy. Daar wou nie gesien word dat Portugal openlik met rassistiese Suid-Afrika saamwerk nie en die Suid-Afrikaanse regering wou nie hê dat sy kiesers die omvang van sy verpligtinge in die Portugese kolonies moet weet nie.

Betrekkinge tussen Suid-Afrika en Angola het dramaties verander as gevolg van die staatsgreep van Lissabon aan die einde van April 1974, want hoewel die Portugese tot 11 November 1975 in nominale beheer van Angola gebly het, is die land gou deur burgeroorlog en eksterne ingryping verskeur. Die Suid-Afrikaanse regering het nie meer ŉ vriendelike buurman daar gehad nie en is nou gekonfronteer met die vooruitsig van ŉ vyandige regering in Luanda sodra die land onafhanklik word, een wat hulp en ondersteuning aan SWAPO sou gee en basisse sou verskaf waar die MK-kaders opgelei kon word voordat hulle terugkeer om in Suid-Afrika te veg. Op 11 November 1975 in Luanda het die MPLA homself tot die regering van ŉ onafhanklike Angola verklaar. Die VSA het nie net misluk om te verhoed dat wat hy gesien het as ŉ marionetparty van die Sowjet Unie aan bewind kom nie, die groot Kubaanse militêre mag wat nou in Angola gestasioneer is, is deur beide die VSA en die Suid-Afrikaners gesien as werkend onder die bevel van Moskou en as ŉ agent van Sowjet-ekspanionisme.

Vir die Suid-Afrikaanse regering het die koms van die Kubane, meer as die koms van die MPLA-regime, ŉ groot nuwe bedreiging het ontstaan in ŉ land beteken, in die streek waarin hy homself as hegemonies (dominant) beskou het. Daar is in beide Pretoria en Washington gevrees dat die Kubane dalk elders in die streek sou ingryp. Politici en burokrate in Pretoria, baie beinvloed deur die regses in die Amerikaanse administrasie, het Moskou se doel gesien as die oorname van die hele Suidelike Afrika. In so ŉ konteks, was daar geen sprake daarvan dat óf die VSA óf Suid-Afrika diplomatieke betrekkinge met die nuwe onafhanklike Angola aanknoop nie, en die Suid-Afrikaners het voortgegaan om aktiewe steun aan Jonas Savimbi se UNITA te gee.

[Uit: https://scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0259-01902011000100007. Toegang op 20 Februarie 2025 verkry]



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**BRON 2C**

Die uittreksel hieronder is ŉ toespraak wat in 1976 in die Parlement deur die Eerste Minister B.J. Vorster gelewer is.

Kom ons benader die saak nou vanuit ŉ ander oogpunt. Kom ons vra onsself af wat sou gebeur het as Suid-Afrika nie betrokke geraak het nie. Dan, eerstens, sou die MPLA, met Russiese en Kubaanse hulp, die hele Angola oorgeneem en sou die hele bevolking onderwerp (verower) het. Hulle sou reg van die begin af die hawens van Lobito, Mocamedes en ander hawens tot hul beskikking gehad het. Hulle sou die Benguela–spoorlyn tot hul beskikking gehad het. Hulle sou die indruk in die buitewêreld geskep het dat die mense van Angola die MPLA wou hê en die MPLA goedgesind (vriendelik) was.

Aanvanklik het die MPLA nie die teenwoordigheid van die Russe en die Kubane bekend gemaak (onthul) nie. Hulle het hul teenwoordigheid verberg; hulle het hulle nie genoem nie en die Russe en die Kubane het ook nie hul eie teenwoordigheid daar aangekondig nie. Hulle het die indruk probeer skep dat dit die MPLA is wat guns by die mense van Angola vind en die ondersteuning van al die mense in Angola gehad het. Hulle het dit gedoen hoewel hulle slegs een derde van die bevolking en minder as een derde van die gebied beheer het.

Ek hou in alle erns vol dat Suid-Afrika se betrokkenheid die Russies-Kubaanse betrokkenheid blootgelê het. Selfs al het Suid-Afrika niks anders gedoen nie, Suid-Afrika het wel die vrye wêreld ŉ diens in Afrika gelewer deur dit baie duidelik na vore te laat kom. Maar wat sou verder gebeur het? Die OAE sou die MPLA eenparig of met min afkeurende (teëstaande) stemme by sy konferensie erken het, en Suid-Afrika sou in een oggend by Addis Ababa veroordeel gewees het. Dit het nie gebeur nie.

[Uit: *https://www.sahistory.org.za/archive/extract-speech-made-house-assembly-january-1976-reply-motion-no-confidence-government. Toegang op 22 Februarie 2025 verkry*]

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**BRON 2D**

Hierdie seldsame foto, geneem diep in Angola, van 'n SAW Eland 90-pantserkar van die gevegsgroep Foxbat by die Hervoorsieningspunt by die verlate kliniek by Santa Comba Angola, tydens Operasie Savannah in 1975.



[Uit https://samilhistory.com/tag/operation-savannah/. Toegang op 22 Februarie 2025 verkry]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE BURGERREGTE-AKTIVISTE IN DIE GESIG GESTAAR IN HUL POGINGS OM BIRMINGHAM TE DESEGREER?

**BRON 3A**

Die bron hieronder beklemtoon die begin van die Birmingham-veldtog in 1963.

In April 1963 het King en die *Southern Leadership Conference* (SCLC) by Birmingham se plaaslike veldtog aangesluit wat deur ds. Shuttleworth en sy groep, die *Alabama Christain Movement for Human Rights* (ACMHR) georganiseer is. Die doel van die plaaslike veldtog was om die stad se segregasiestelsel aan te val deur druk op Birmingham handelaars gedurende die Paasseisoen uit te oefen, die tweede grootste inkopieseisoen van die jaar.

Die veldtog was oorspronklik geskeduleer om vroeg in Maart 1963 te begin, maar is tot April 1963 uitgestel. Op 3 April 1963 is dit van stapel gestuur met massavergaderings, middagete toonbank-sitstakings, ŉ optog na die stadsaal en ŉ boikot van handelaars in die middestad. King het met Brimingham se Swart burgers oor geweldloosheid en die metodes daarvan gepraat en ŉ beroep op vrywillgers gedoen. Toe Birmingham se inwoners entoesiaties gereageer het, het die veldtog uitgebrei na knielstakings *(kneel–ins*) by kerke, leestakings (*read–ins*) by die biblioteek en ŉ optog na die distrikshof om kiesers te registreer.

Op 10 April 1963, het die stadsregering ŉ staatshofbevel (beslissing) teen die betogings verkry. Na debat, het veldtogleiers besluit om die hofbevel te verontagsaam. King het besin of hy en Ralph Abernathy – SCLC se tweede-in-bevel – in hegtenis geneem moet word. King het besluit dat hy die tronk moet waag. Op Goeie Vrydag, 12 April 1963, is King in Birmingham gearresteer nadat hy die anti-protes-bevel oortree het en is hy alleen in ŉ sel (isolasie) geplaas.

[Uit https://www.blackpast.org/african-american-history/birmingham-campaign-1963/. Toegang op 10 Februarie 2025 verkry]


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 3B**

Die bron hieronder bevat uittreksels uit Martin Luther King se beroemde brief getiteld '*From a Brimingham jail'* geskryf op die 16de April 1963.

In enige geweldlose veldtog is daar vier basiese stappe: 1) insameling van die feite om vas te stel of ongeregtighede lewendig is; 2) onderhandeling; 3) selfsuiwering; en 4) direkte optrede. Ons het al hierdie stappe in Brimingham deurgegaan … Birmingham is waarskynlik die mees deeglik gesegregeerde stad in die Verenigde State. Sy lelike rekord van polisiebrutaliteit is in elke afdeling van die land bekend. Sy onregverdige behandeling van Negroes in die howe is 'n berugte werklikheid. Daar was meer onopgeloste bomaanvalle op negerhuise en kerke in Birmingham as in enige stad in hierdie nasie.

Ons weet deur pynlike ervaring dat vryheid nooit vrywillig deur die onderdrukker gegee word nie; dit moet deur die verdruktes geëis word. Ek was eerlikwaar nog nooit betrokke by 'n direkte-aksie beweging wat "betyds" was, volgens die rooster van diegene wat nie onnodig aan die siekte van segregasie gely het nie.

Laat ons almal hoop dat die donker wolke van rassevooroordeel binnekort sal verbygaan en die diep mis van misverstand uit ons vreesdeurdrenkte gemeenskappe gelig sal word en in sommige nie te ver môre sal die stralende sterre van liefde en broederskap oor ons groot nasie met al hul skitterende skoonheid skyn.

[Uit *https://billofrightsinstitute.org/primary-sources/letter-from-birmingham-jail*. Toegang op 10 Februarie 2025 verkry]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 3C**

Die foto hieronder, geneem deur Charles Moore, toon burgerregtebetogers wat deur die Birmingham Brandweer Department met hoëdruk waterslange gespuit word.



[Uit *https://civilrightsheritage.com/wp-content/uploads/2014/08/birmingham-hose.jpg.* Toegang op 10 Februarie 2025 verkry]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 3D**

Die bron hieronder is ŉ ooggetuieverslag van Len Holt, ŉ burgerregte-aktivis van die gebeure wat tydens een van die Brimingham-betogings in 1963 afgespeel het.

Oor die polisieradio het ek Bull Connor se stem gehoor. Hy was kwaad. Hy was verraai. Nog nooit van tevore het die studente voor 1 nm gedemonstreer nie. Ek vermoed die handelaars was kwaad. En die kinders in die middestad, al 600 van hulle, het "Ons sal oorwin" ("We Shall Overcome") gesing. En hulle het oorwin. Geen arrestasies is gemaak nie. Toe die polisie uiteindelik by die area kom, het hulle net die bordjies opgeskeur en die jongmense aangesê om huis toe te gaan. Die tronke was vol.

Vir die studente was "huis" terug na die 16de St. Baptiste Kerk. ŉ Polisieman het na die kerk gegaan om vir iemand van die Beweging te sê om die student te vra om te vertrek. Toe die aankondiging in die kerk gemaak is, het 2,000 persone na die middestad gegaan. By hierdie duisende het 2,000 toeskouers aangesluit en het ŉ wilde, skreeusnaakse parade deur die middestad van Birmingham gemaak en "Ons sal oorwin" ("We Shall Overcome") gesing.

Toe het die byna 4,000 persone teruggekeer na die kerk van die "oorwinningsmars". En terwyl die menigtes binne-in vrolik gesing het, is daar buite voorbereidings getref. Die motors met honde het aangery gekom. Sowat 300 polisiebeamptes het die kerk- en parkarea omsingel. Brandslange is aangebring.

Vir ŉ paar minute het ek die area van die kerk verlaat en na ŉ nabygeleë kantoor gegaan. Toe ek na vore kom, het ek 3,000 Negers gesien wat in die Kelly Ingram Park omring is deur polisiemanne wat knuppels swaai. Die brandslange was in aksie met die druk wawyd oop. Aan die een kant is die studente gekonfronteer deur knuppels, aan die ander kant, deur kragtige strome water. Die brandweermanne het die brandslange gebruik om die studente plat te slaan. Soos die strome bome tref, is die bas afgeruk. Bakstene is van die mure losgeruk. Die brandslange was gerig op almal met ŉ swart vel, betogers en nie-betogers.

ŉ Stroom water het die ds. Fred Shuttelworth teen die kerkmuur geslaan en inwendige beserings veroorsaak. Mev. Colia LaFayette, 25-jarige SNCC-veldsekretaresse van Selma, Alabama, is platgeslaan en twee brandslange is op haar gebring om haar langs die sypaadjie af te spuit.

Intussen kon ek oor die openbare adresstelsel (interkom) binne die kerk ŉ spreker hoor wat die mense vermaan (aangeraai) om nie-geweldadig te wees nie. "Ons wil siele van mense soos Bull Connor, verlos."

[*Len Holt, "Eyewitness: The Police Terror at Birmingham," National Guardian newsweekly, May 16, 1963. Soos herdruk uit Black Protest: 350 Years of History, Documents, and Analyses, by Joanne Grant.*]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

http://www.cvce.eu/obj/the_cold_war_1945_1989_full_text-en-6dfe06ed4790-48a4-8968-855e90593185.html

https://winstonchurchill.org/resources/speeches/1946-1963-elder-statesman/the-sinews-of-peace/

du Preez, J. (2017). Operation Savannah: The battle of the casualties of the war.

Zubok, V. M., & Pleshakov, C. (1996). Inside the Kremlin's Cold War: From Stalin to Khrushchev. Harvard University Press.

https://www.jchistorytuition.com.sg/jc-history-tuition-notes-origins-of-the-cold-war-cartoon-case-studies

https://www.businesswriting.co.za/wp-content/uploads/2019/01/Operation-Savannah-The-battle-of-the-casualties-of-the-war-MC_26-8.pdf

https://scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0259-01902011000100007

https://www.sahistory.org.za/archive/extract-speech-made-house-assembly-january-1976-reply-motion-no-confidence-government

https://samilhistory.com/tag/operation-savannah/

https://www.blackpast.org/african-american-history/birmingham-campaign-1963/

https://billofrightsinstitute.org/primary-sources/letter-from-birmingham-jail

https://civilrightsheritage.com/wp-content/uploads/2014/08/birmingham-hose.jpg

https://www.crmvet.org/nars/bhamholt.htm

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2025

# GESKIEDENIS V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 28 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30%<br>(15)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui.


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**Paragraafvraag**
Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

____________ . ____________________ . ____________________

____________________ . ____________________ . _____________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse 'n basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn bv.

$\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord*.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ("bullet") in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is (ook aangedui deur ŉ kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. In ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies is .

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument / ŉ duidelike hoofpunt. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is (argument). |
| **E** | **Voorbeeld**: Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.4.4 Die volgende simbole **MOET** in die assessering van die opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ___________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie |√
- Argument LOA ↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is en om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding bepaal**.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in die inhoudsdekking.
Poog om 'n argument te handhaaf.



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50 PUNTE

| AANBIEDENING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| ***VLAK 7*** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| ***VLAK 6*** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| ***VLAK 5*** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| ***VLAK 4*** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| ***VLAK 3*** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| ***VLAK 2*** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| ***VLAK 1**** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning vir punte vir Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie= 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer= 7–13



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET GROEIENDE INVLOEDSFERE IN EUROPA TOT KOUE OORLOG SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) BYGEDRA?

1.1 1.1.1 [*Ontrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Uitgeput'
- 'Verwoes deur oorlog' (2 x 1) (2)

1.1.2 [*Ontrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Sy vloot en lugmag was ongeëwenaard
- Dit was die enigste land met die vermoë om kernwapens te vervaardig
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 1) (2)

1.1.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V2]*
- Die VSA brei sy mag en invloed uit oor ander streke
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Kommunistiese Regerings is op Oos-Europese lande afgedwing
- Die burgers in hierdie lande is gedwing om kommunisme te aanvaar
- Burgers in Oos-Europese lande het hul reg om te stem, verloor
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Europa het die middelpunt van konflik tussen die VSA en die USSR geword
- Baie konflikte tussen die twee lande het in Europa plaasgevind
- Die Berlynse Blokkade was een voorbeeld van die stryd tussen die VSA en USSR
- Beide kante het teen mekaar in Europa meegeding
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 [*Ontrekking van bewyse uit Bron 1B – V1*]
- Sowjetunie het Oos-Europa na hul beeld begin vorm
- Die regerings van baie nasies in lyn met Moskou gebring het (2 x 1) (2)

1.2.2 [*Ontrekking van bewyse uit Bron 1B – L1*]
- Stettin in die Oossee
- Na Triëst in die Adriatiese See (2 x 1) (2)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Hulle het kommunisme as ŉ vyandige ideologie beskou wat wereldwye invloed soek
- Kommunistiese oornames in Oos-Europese lande kon tot oorlog lei
- Hulle was bekommerd dat die Sowjetunie kan probeer om lande te destabiliseer, ten einde kommunistiese oorname te verkry
- Hulle het kommunisme as ŉ aggresiewe uitdaging vir internasionale vrede beskou
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- 'as ŉ Oorlogvoerder wat op Anglo-Saksiese rasse wêreldoorheersing gemik het' (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
"Die Sowjet diktator het met voorbereidings vir ŉ moontlike konfrontasie met die Weste begin" (1 x 2) (2)

1.3.3 [Definisie van ŉ historiese konsep uit Bron 1*C – V1]*
- Die ideologiese en fisiese skeiding tussen die Sowjetunie (Kommunisme) en Wes-Europa (Demokrasie) tydens die Koue Oorlog
- Die verdeling van Europa tydens die Koue Oorlog, gekenmerk deur die Sowjetunie se pogings om sy satellietstate van die Weste te isoleer – ŉ kombinasie van politieke, militêre en ideologiese hindernisse
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2*]
- Hulle was deur die oorlog verwoes
- Hulle het afhanklik geraak op Amerikaanse blikkieskos
- Hulle was bang vir die gevolge van nog ŉ oorlog
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Die mense van die Sowjetunie het nie die Weste as ŉ bedreiging beskou nie
- Gewone Sowjet-burgers het die Weste as bondgenote beskou
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3.6 *[Bepaling van die betroubaarheid van bewyse uit Bron 1C – V3]*
**Die bron is BETROUBAAR omdat:**
- Dit uittreksels van Stalin se reaksie op Churchill se Ystergordyn toespraak bevat
- Dit deur Vladislav Zubok, ŉ koue-oorlog-kenner van die Sowjetunie geskryf, wat dit ŉ goed ingeligte en geloofwaardige weergawe van Stalin se reaksie op Churchill se toespraak maak
- Die bron verduidelik hoe die Sowjetunie/Stalin op Churchill se toespraak gereageer het om die Sowjet-volk teen die Weste te draai
- Die bron kan met bron 1B bevestig word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2 ) (4)


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Stalin het ŉ aggressiewe beleid van uitbreiding in Oos-Europa na die oorlog aanvaar.
- Kommunisme het vinnig in Europa uitgebrei
- Optrede moes deur die Weste geneem word om Stalin in toom (in lyn) te hou
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Om te verseker dat hy meer Kommunisties vriendelike ondersteuning het
- Om ŉ buffersone tussen Wes-Europa en Rusland te skep
- Die toename in Rusland/kommunistiese invloed en beheer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.5 [*Vergelyking van bewyse uit Bronne 1B en 1C om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun – V3*]

- **Beide** bronne noem die moontlikheid van oorlog tussen die VSA en USSR
- **Bron 1B** noem dat Churchill in sy Ystergordyn-toespraak gewaarsku dat die Sowjetunie ŉ bedreiging vir vrede en stabiliteit in hou
- **Bron 1C** wys vir Stalin wat reageer deur vir Churchill uit te beeld as ŉ oorlogvoerder en vir konfrontasie voor te berei
- **Bron 1B** noem dat die Long Telegram gewaarsku het oor die Sowjetunie se ewigdurende vyandigheid teenoor die Weste.
- **Bron 1C** noem dat Stalin voorbereidings vir ŉ moontlike konfrontasie met die Weste begin het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.6 [*Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]*

- Na die Tweede Wêreldoorlog het die verdeling van Europa in twee gewapende kampe toenemende spanning tussen die Weste en die Sowjetunie geskep (eie kennis)
- Elke land was bang vir die nuutgevonde mag van die ander (Bron 1A)
- Die Sowjette het bedreig gevoel deur die Weste en het die Weste van imperialistiese uitbreiding beskuldig (Bron 1A)
- Die Weste was angstig oor die Kommunistiese uitbreiding (Bron 1A)
- Die Sowjet blokkade van Berlyn het spanning tussen die twee supermoondhede verhoog (Bron 1A)
- Die Sowjetunie het Oos-Europa na hul beeld begin vorm (Bron 1B)
- Die 'Long Telegram' het gewaarsku oor die Sowjetunie se vyandigheid teenoor die Weste (Bron 1B)
- Die skepping van die "Ystergordyn" het spanning tussen die Weste en die Sowjetunie verhoog.
- Churchill en Truman het geglo dat die Sowjetunie en Kommunisme ŉ bedreiging vir die vrede en stabiliteit van die na-oorlogse wêreld inhou (Bron 1B)
- Stalin het Churchill as ŉ oorlogvoerder wat op Anglo-Saksiese … rasse wêreldoorheersing gemik het (Bron 1C)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- Stalin het die Ystergordyn-toespraak gebruik om die Sowjetmense teen die Weste te mobiliseer (Bron 1C).
- Stalin se pogings om Kommunistiese invloed in Europa te vergroot het verhoogde spanning tussen die Weste en die Sowjetunie geskep. (Bron 1D)
- Die Ystergordyn het Europa in Kapitalistiese en Kommunistiese state verdeel – wat die spanning geskep het (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

(8)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse bv. **toon min of geen begrip van hoe die groeiende invloedsfere in Europa tot Koue Oorlog spanning tussen die Verenigde State en die Sowjetunie bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv. **toon 'n bietjie begrip van hoe die groeiende invloedsfere in Europa tot Koue Oorlog spanning tussen die Verenigde State en die Sowjetunie bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die groeiende invloedsfere in Europa tot Koue Oorlog spanning tussen die Verenigde State en die Sowjetunie bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **6–8** |

(8)
**[50]**

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 2: WAT WAS DIE REDES VIR SUID-AFRIKA SE BETROKKENHEID IN DIE ANGOLESE BURGEROORLOG?**

2.1 2.1.1 [*Verduideliking van historiese konsep uit Bron 2A – V1]*
- Oorlog tussen burgers van dieselfde land
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.2 [Ontrekking van bewyse uit Bron *2A – V1]*
- 11 November 1975 (1 x 1) (1)

2.1.3 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Marxistiese basis
- Ondersteun deur Rusland, Kuba en ander Kommunistiese lande (2 x 1) (2)

2.1.4 [*Interpretasie van bewys uit Bron 2A – V2]*
- Die MPLA het begin om beheer oor Angola te kry
- UNITA en die FNLA word verslaan
- ŉ MPLA-oorwinning was baie moontlik
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.5 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Die Suid-Afrikaanse regering wou geen aandag van buitelande op haarself vestig nie
- Ondersteuning van UNITA en die FNLA is teen Suid-Afrika se beleid van Apartheid
- Die Suid-Afrikaanse regering wou nie hê dat Angola kommunisties moes word nie
- Die Suid-Afrikaanse regering wou sy belange in Namibië in die geheim beskerm
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- "as ŉ sleuteldeel van die buffer van wit-regerende state wat Suid-Afrika geskei het van die swart-regerende Afrika in die noorde"
- Suid-Afrika van ŉ beskermde skild voorsien het (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Om eksterne ondersoeke te vermy
- Portugal wou nie gesien word dat hulle openlik met rassisitiese Suid-Afrika saamwerk nie
- Die Suid-Afrikaanse regering wou nie hê dat sy kiesers die omvang van sy verpligtinge in die Portugese kolonies weet nie. (3 x 1) (3)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.2.3 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Wat hulp en ondersteuning aan SWAPO sou gee
- Basisse sou verskaf waar die MK-kaders opgelei kon word voordat hulle terugkeer om in Suid-Afrika te veg (2 x 1) (2)

2.2.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Hulle het geglo dat die MPLA deur die Sowjetunie beheer word
- Hulle het geglo dat die Sowjetunie die MPLA gebruik om hul beheer in Angola uit te brei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2.5 *[Verduidelik van historiese konsep uit Bron 2B – V2]*
- Die Sowjetunie se Beleid om sy invloed en beheer in Suider-Afrika te vergroot
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 *[Ontrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Die MPLA, met Russiese en Kubaanse hulp, die hele Angola sou oorneem
- Sou die hele bevolking onderwerp (verower). (Enige 2 x 1) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2*]
- Hulle wou die optrede van Rusland en Kuba geheim hou
- Die aankondiging van Russiese en Kubaanse steun in Angola sal daartoe lei dat die Weste UNITA en die FNLA ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Suid-Afrika se betrokkenheid het bewustheid geskep van die betrokkenheid van Rusland en Kuba in Angola
- Indien Suid-Afrika nie by Angola betrokke geraak het nie, sal dit tot die verspreiding van Kommunisme – bedreiging vir die "Vrye Wêreld" lei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V3]*
**Die Bron is BEPERK omdat:**
- Dit slegs die standpunt van die Suid-Afrikaanse Regering gee
- Die bron bevooroordeeld is teenoor die rol wat die Nasionale Party-regering in Angola gespeel het, aangesien dit van die eerste minister B.J. Vorster was
- Dit nie aandui dat die regering na sy eie belange in die gebied omgesien het nie
- Die inligiting in die bron die Nasionale Party soos die redder van die Angolese mense laat lyk
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*

2.4.1
- Suid-Afrika se aanvanklike betrokkenheid by Angola was beperk
- Die Suid-Afrikaanse regering het slegs ŉ klein aantal troepe na Angola gestuur
- Suid-Afrika wou sy betrokkenheid by Angola geheim hou
- Die Suid-Afrikaanse regering het homself by die Angolese Burgeroorlog betrek
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Hulle wou nie hul teenwoordigheid in Angola bekend hê nie
- Hulle was bang hoe lande soos Rusland en Kuba sou reageer
- Hulle was bekommerd oor hoe wit Suid-Afrikaners sou reageer op hul ondersteuning van ŉ Afrika-bevrydingsbeweging
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5 [*Vergelyking van bewyse uit Bronne 2C en 2D om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun – V3*].
- Bron **2B** beskou die MPLA as ŉ vyandige regering
- Bron **2C** noem dat die MPLA die hele Angolese bevolking sou saamgestem het
- In Bron **2B** het die Suid-Afrikaanse regering gevrees dat die MPLA ŉ marionetparty van die Sowjetunie is
- Bron **2C** verklaar dat die MPLA deur die Russe en Kubane ondersteun is
- Bron **2B** verklaar dat die Suid-Afrikaanse regering die koms van die Kubane as ŉ groot bedreiging vir hul mag in die streek beskou het
- Bron **2C** verklaar dat die Russe en Kubane in die geheim geopereer het toe hulle in Angola aangekom het
- **Beide** bronne beklemtoon die ondersteuning wat die Kommunistiese regimes teenoor die MPLA gegee het
- **Beide** bronne impliseer dat indien die MPLA aan bewind sou kom, hulle deur kommunistiese regerings ondersteun word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.6 [*Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]*

- Na onafhanklikheid is Angola in ŉ burgeroorlog gedompel (eie kennis)
- Drie bevrydingsbewegings uit Angola was by die oorlog betrokke (eie kennis)
- Die betrokkenheid van die buiteland by die Angolese Burgeroorlog het Koue Oorlog-spanning verhoog (eie kennis)
- UNITA en die FNLA het Suid-Afrika genader vir ondersteuning (Bron 2A)
- Die betrokkenhied van die CIA het daartoe gelei dat die Suid-Afrikaanse regering geheime militêre steun aan die UNITA en die FNLA gebied het (Bron 2A)
- Die doel van Suid-Afrika was om die MPLA uit Angola te verdryf (Bron 2B)
- Die Suid-Afrikaanse Regering wou Angola bevry van Kommunisme (Bron 2B)
- Angola is beskou as ŉ sleuteldeel van die buffer tussen wit-regerende state wat Suid-Afrika van swart-beheerde Afrika na die Noorde geskei het (Bron 2B)
- Suid-Afrika het ŉ vyandige regering gevrees as die MPLA aan bewind kom (Bron 2C)
- Hulle was bekommerd dat Angola ondersteuning aan SWAPO sou verskaf en basisse sou verskaf vir die MK-kaders om opgelei te word voordat hulle terugkeer om in Suid-Afrika te veg (Bron 2C)
- Die Suid-Afrikaanse Regering was bang vir die teenwoordigheid van ŉ Kommunistiese regering in Angola (Bron 2C)
- Die aankoms van die Kubane in Angola het ŉ bedreiging vir Suid-Afrika se mag in die streek ingehou (Bron 2C)
- Suid-Afrika was bekommerd dat die Kubane dalk elders in die streek sou ingryp (Bron 2C)
- Suid-Afrika het UNITA ondersteun in ŉ poging om te verhoed dat die Kommunisties-gesteunde MPLA beheer in Angola oorneem
- Die MPLA sou met die hulp van Rusland en Kuba die hele Angola oorgeneem het (Bron 2D)
- As die OAE die MPLA as die regerende party van Angola erken het, sou Suid-Afrika deur die OAE veroordeel gewees het (Bron 2D)
- Enige ander relevante Antwoord (8)

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:**

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ baie elementêre wyse bv. toon min of geen begrip **van hoekom Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv. toon ŉ bietjie begrip **hoekom Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer ŉ deeglike begrip van **hoekom Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **6–8** |

(8)
**[50]**

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: WATTER UITDAGINGS HET DIE BURGERREGTE-AKTIVISTE IN DIE GESIG GESTAAR IN HUL POGINGS OM BIRMINGHAM TE DESEGREGEER?**

3.1 3.1.1 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Southern Christian Leadership Conference (SCLC)
- Alabama Christian Movement for Human Rights (ACMHR)

(2 x 1) (2)

3.1.2 [*Ontrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*
- Massavergaderings
- Middagete toonbanksitstakings
- ŉ Optog na stadsaal
- ŉ Boikot van handelaars in die middestad (4 x 1) (4)

3.1.3 [*Verduideliking van ŉ historiese term uit Bron 3A – V2]*
- Die skeiding van swart en wit Amerikaners
- ŉ Vorm van rassediskriminasie in die Verenigde State
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Die betoging het plaaslike besighede geraak
- Die betoging het meer steun gekry
- Die regering was teen desegregasie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- insameling van die feite om te bepaal of ongeregtighede lewendig is
- onderhandeling
- selfsuiwering
- direkte optrede (4 x 1) (4)

3.2.2 [*Definisie van ŉ historiese term uit Bron 3B – V1*]
- ŉ Negatiewe houding of geloof oor mense van ŉ verskillende/ander ras
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Afro-Amerikaners het baie min wettige regte in Birmingham gehad
- Die regstelsel het Afro-Amerikaners onregverdig behandel
- Baie min bom-aanvalle op Afro-Amerikaners se huise en kerke is ooit opgelos
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Die Birmingham regering was nie gewillig om gelyke regte aan Afro-Amerikaners te gee nie
- Niks sou in Birmingham verander, tensy die regering onder druk geplaas word om veranderinge aan te bring nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2.5 [*Bepaal die betroubaarheid van Bron 3B – V3*]
**Die Bron is BETROUBAAR omdat:**
- Dit ʼn primêre bron is, want dit is ʼn uittreksel uit ʼn brief geskryf deur Martin Luther King Jnr in sy sel na sy arrestasie in Birmingham
- Die datum van die bron ooreenstem met die datum van die Birmingham optog
- Die bron die leser inlig oor die toestande en die redes vir die optog in Birmingham
- Die bron kan bevestig word met Bron 3A rakende die inhegtenisneming van King
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Birmingham het nogsteeds segregerende wette toegepas en sterk teen burgerregterbetogers gereageer
- Die kultuur van polisiebrutaliteit teen Afro-Amerikaners het nogsteeds geheers
- Die Birmingham owerhede het desegregasie sterk teengestaan
- Harde metodes is gebruik om verdere Burgerregte-betogings te voorkom
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2*]
- Mense sou meer simpatiek teenoor Burgerregte-kampvegters gewees het
- Foto's soos hierdie het die ongeregtighede wat in Amerika plaasvind, blootgelê.
- Sou lei tot meer steun vir die Burgeregtebeweging
- Enige ander relevante Antwoord (Enige 2 x 1) (2)

3.4 3.4.1 [*Ontrekking van bewyse uit Bron 3D – V1*]
- Bull Connor
- Die handelaars (2 x 1) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Geen arrestasies is gemaak nie
- Die polisie het nie geweld teen die betogers gebruik nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Die polisie het ongewapende betogers met knuppels aangerand
- Honde is gebruik om die betogers aan te val
- Die aantal polisie wat gereageer het, kan as buitensporig beskou word
- Die brandslange kan ernstige beserings aan die ongewapende betogers veroorsaak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4.4 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- As die betogings met geweld reageer, kon die optrede van die owerhede geregverdig gewees het
- Die beweging het nie-geweldadige protes, optogte en demonstrasies gebruik om sy doelwitte te bereik
- Hy was bang dat die owerhede op ŉ nóg harder manier sou reageer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.5 [*Vergelyking van bewyse van Bron 3C en Bron 3D om ooreenkomste vas te stel – V3]*
- Bron **3D** meld dat die studente deur kragtige strome water gekonfronteer is
- Bron **3C** wys studente wat deur ŉ stroom water getref word
- **Bron 3D** sê dat ŉ stroom water Ds. Fred Shuttleworth teen die kerkmuur geslaan het
- **Bron 3C** wys betogers wat deur ŉ waterstroom teen die muur geslaan word
- Bron **3D** maak melding van die gebruik van waterslange in die betoging
- Bron **3C** wys waterslange wat teen die betogers gebruik word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.6 [*Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bewyse – V3]*

- Birmingham was een van die mees gesegregeerde stede in Amerika (eie kennis)
- Swart burgers het wetlike en ekonomiese ongelykhede, en geweldadige vergelding in die gesig gestaar toe hulle probeer het om die aandag op hul probleme te vestig (eie kennis)
- Die stadsregering het ŉ staatshof-bevel (beslissing) teen die betogings verkry (Bron 3A)
- Leiers van die veldtog is gearresteer en alleen in selle (in isolasie) geplaas. (Bron 3A)
- Martin Luther King was gearresteer (Bron 3B)
- Brandweermanne is opdrag gegee om waterslange te gebruik om die betogers uiteen te jaag (Bron 3C)
- Die polisie het baie van die betogers gearresteer (Bron 3D)
- Borde is opgeskeur en betogers is aangesê om huis toe te gaan (Bron 3D).
- Die polisie het die betogers met knuppels aangeval (Bron 3D)
- Die polisie het honde gebruik om die betogers aan te val (Bron 3D)
- Brandweermanne het waterslange gebruik om die betogers te spuit (Bron 3D)
- Die waterstrome was so kragtig dat soos die strome bome getref het, die bas afgeskeur is. Bakstene is van die mure losgeruk. (Bron 3D)
- ŉ Stroom water het Ds Fred Shuttleworth teen die kerkmuur geslaan en inwendige beserings veroorsaak. (Bron 3D)
- Die plaaslike owerhede het harde metodes gebruik in reaksie op die vreedsame protes (eie kennis)
- Die doel was om enige verdere burgerlike ongehoorsaamheid in Birmingham te voorkom
- Enige ander relevante Antwoord (8)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ baie elementêre wyse **bv. toon min of geen begrip van watter uitdagings die burgerregte-aktiviste in die gesig gestaar het in hul pogings om Birmingham te desegreer.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp bv. **toon ŉ mate van begrip van watter uitdagings die burgerregte-aktiviste in die gesig gestaar het in hul pogings om Birmingham te desegreer.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv **demonstreer ŉ deeglike begrip van watter uitdagings die burgerregte-aktiviste in die gesig gestaar het in hul pogings om Birmingham te desegreer.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **6–8** |

(8)
**[50]**

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik of hulle saamstem of nie saamstem dat "Alhoewel die Viëtkong deur die Verenigde State van Amerika in vuurkrag oortref is, was hulle slimmer en het meer gehad om voor te veg in Viëtnam". Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui of hulle saamstem of nie saamstem dat "Alhoewel die Viëtkong deur die Verenigde State van Amerika in vuurkrag oortref is, was hulle slimmer en het meer gehad om voor te veg in Viëtnam". Hulle moet ook 'n uiteensetting gee van hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING:**

Fokus op die strategieë wat deur beide die VSA en die Viëtkong gebruik is

- Toestande onmiddellik voor die oorlog
- Die verdeling van Viëtnam en die vorming van die Viëtkong
- Redes vir VSA-betrokkenheid: inperking en die Domino-teorie
- VSA se eerste ingryping in Suid-Viëtnam was om militêre adviseurs te stuur tussen 1957 en 1965 – eerste fase teen die Viëtkong (Vietnamese kommunis)
- Ho Chi Minh-roete is deur die Viëtminh (kommunistiese guerilla's uit Noord-Viëtnam) gebruik om die Viëtkong te ondersteun – gehelp om die Viëtkong met voedsel en wapens te voorsien
- Onder Kennedy het die VSA hul hulpbronne gebruik om die 'Veilige Dorpies'-beleid ('Safe Village' policy)/*Hamlet strategy/Villagisation* in te stel – probeer om die Viëtkong te isoleer – wou die guerilla's van die dorpenaars skei (1963)
- Veilige dorpie-beleid het misluk omdat die Viëtkong binne die dorpies bedrywig was
- Lyndon Johnson en die Golf van Tonkin voorval en Resolusie (1964)
- Die VSA het op moderne tegnologie staatgemaak vir 'n konvensionele oorlog (hulle was nie voorbereid vir die onkonvensionele oorlogsvoeringstaktieke nie)
- VSA het op 8 Maart 1965 3 500 mariniers en grondtroepe na Viëtnam gestuur/ konvensionele militêre strategie is deur guerrilla taktieke verwar (Slimmer taktiek)
- *Operation Ranch Hand* (1962 – 1971) – gebruik van chemiese ontblaarmiddels (*Agent Orange* om die bos te vernietig) en *Agent Blue* (om landbouprodukte en voedsel te vernietig om die Viëtkong te verswak)
- Die digte plantegroei is tot die voordeel van Viëtkong gebruik
- Gebruik van chemiese wapens het die VSA ongewild gemaak en baie lande het die VSA veroordeel



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- President Johnson het Operasie Rollende Donderweer (*Operation Rolling Thunder*) in Maart 1965 ingestel met die hoop om die Viëtkong binne 'n kwessie van weke uit te skakel
- Guerilla-oorlogvoering deur die Viëtkong en die Viëtminh (moeilik om guerrillas van dorpenaars te skei – boere/kleinboere)
- Viëtkong het reageer met die Tet-offensief (1968) – suksesvolle verrassingsaanvalle op 100 stede beheer deur die VSA
- Aantal Amerikaanse soldate wat gesneuwel het, het toegeneem – het tot anti-oorlog demonstrasies gelei
- VSA het jong en onervare soldae na Viëtnam gestuur – moderne wapens kon nie help as gevolg van onervarenheid van jong VSA soldate.
- VSA het moderne wapens gebruik vir soek-en-vernietingsmissies (beter wapens) (My Lai-slagting) om dorpe te vernietig wat deur die Viëtkong ondersteun word Dit het tot groot getalle burgerlike sterftes gelei – wat meer ondersteuning vir die Viëtkong vereis het
- VSA gruweldade en die My Lai Slagting (Maart 1968) het publieke opinie teen die oorlog gedraai
- Noord-Vietnam het militêre ondersteuning van die USSR en Sjina ontvang en die Viëtminh en Viëtkong het ook toegang tot sommige moderne wapens gehad
- Guerilla oorlogvoering is effektief deur die Viëtkong gebruik, ondersteun deur die Viëtminh uit die noorde en het taktieke soos valstrikke, ondergrondse tonnels, tref en trap en sabotasie gebruik.
  - Amerikaanse soldate het baie vinnig hul moraal verloor om te veg
  - Nie geveg vir 'n saak nie / anders as die Viëtnamese (meer om voor te veg)
- Die Viëtkong het sy ondersteuningsbasis vergroot as gevolg van die taktiek wat teen die VSA-soldate gebruik is.
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hul land (meer om voor te veg)
- Viëtnamisering: President Nixon het met die beleid van strategiese onttrekking uit Viëtnam vorendag gekom
- The Vietkong increased its support base because of the tactics used against the USA soldiers
- Ook genoem WHAM (*Winning the Hearts and Minds of the Vietnamese*) dui op die mislukking van die VSA om Viëtnam te keer om 'n kommunistiese staat te word en die daaropvolgende onttrekking
- VSA het alle troepe teen 1973 onttrek (President Nixon het op 27 Januarie 1973 die Parys-Vredesooreenkoms onderteken – beëindiging van die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog
- Noord-Viëtnam het in 1975 beheer oor Saigon geneem
- Die begeerte om hul land te verdedig het geboorte gegee aan 'n vasberadenheid wat oor die moderne wapens gebruik is deur die VSA, te seevier
- Vietnam was verenig onder kommunistiese beheer
- Enige ander relevante antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argumente met 'n relevante slot saamvat **[50]**

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

*[Beplan en konstrueer ’n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate die politieke en ekonomiese beleide wat deur Mobutu Sese Seko ingestel is, verantwoordelik was om die Kongo in ’n eenpartystaat te verander. Hulle moet hul argument met bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet verduidelik tot watter mate die politieke en ekonomiese beleide wat deur Mobutu Sese Seko in die nuwe onafhanklike Kongo het in die vroeë 1960’s die Kongo in ’n eenpartystaat omskep. Hulle moet hul argumente met relevante historiese inligting ondersteun.

**UITBREIDING:**
**Politieke Beleide**
- Koloniale erfenisse: (as agtergrond inligting)
- Paternalisme – Kongolese is as kinders behandel – met geen verantwoordelikheid in administrasise of verteenwoordiging van die regering nie
- België het nie voorberei vir die behoorlike oorgang van ’n nuwe leierskapsoorname nie.
  Kongo het op 30 Junie 1960 onafhanklik geword met Joseph Kasavubu as President en Patrice Lumumba as Eerste Minister
- Kasavubu het verkies dat die Kongo ’n federale staat is terwyl Lumumba vir ’n sterk gesentraliseerde nasionale regering was/Lumumba was ook in konflik met Moise Tshombe
- Die nuut onafhanklike Kongo het met baie politieke onstabiliteit begin, bv. Tshombe het gefokus op afskeiding van Katanga vir sy eie onafhanklikheid – ’n teken vir die behoefte aan sterk politieke beleide
- Mobutu het die beheer van Kasavubu deur ’n staatsgreep in 1965 oorgeneem
- Hy het outoritarisme toegepas om politieke stabiliteit te bereik (smeek van ’n eenpartystaat)
- In 1967 het Mobutu daarin geslaag om die Katanga rebellie te stop en sy land ’n nuwe grondwet gegee as ’n **eenpartystaat onder sy party**, die Popular Movement for the Revolution (MPR)
- Kongo het binne die **eerste vyf jaar ’n eenpartystaat geword** nadat hy onafhanklikheid verkry het met alle opposies onderdruk (outoritêr)
- Mobuto het ’n persoonlikheidskultus ontwikkel (Mobutuïsme) (swak leierskap) – selfgesentreerde leerderskap – (verseker dat Kongo ’n eenpartystaad is)
- Mobutu het die Kongo ’n outokratiese staat onder homself gemaak met ’n militêre diktator (swak leierskap)
- Hy is deur die VSA ondersteun omdat hy as ’n anti-kommunistiese bondgenoot gesien is
- Hy het ’n sterk **gesentraliseerde regering** geskep en alle aanstelllings, bevorderings en toekennings van staatsinkomste beheer – het gelei tot nepotisme

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- Hy het ŉ beleid van Zaireanisering ingestel, ŉ beleid wat geskoolde buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposisies beklee het, vervang met ongeskoolde inwoners – wat tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leiersrolle gelei het
- Enige ander relevante antwoord

**Ekonomiese beleide**
- Koloniale beleide: (as agtergrond inligting)
- Uitbuiting – Belgiese welvaart gebaseer op ontginning van katoen, rubber plantasies; en myne (koper, tin en diamant) deur koloniale maatskappye; wins uit minerale (myne) gebaseer op uitbuiting van Kongolese werkers
- By onafhanklikheid is Kongo as die welvarendste beskou, maar met die ekonomiese rykdom wat deur buitelandse eienaars besit word
- Mobutu erf ŉ kapitalitiese ekonomie (van België)
- ŉ Ekonomie in die hande van wit setlaars en buitelanders
- Ekonomie ryk aan natuurlike hulpbronne: koper, kobalt, diamante en ander materiale wat op buitelandse beleggings gebaseer was.
- Hy het **nasionalisering** ingestel: Mobutu het die land se kopermynbedryf genasionaliseer en winste uit koperbedryf gebruik om sy 10-jaar industrialiseringsplan te finansier (verseker dat sy regering alle finansies beheer het)
- Nasionaliseer maatskappye in buitelandse besit sonder vergoeding
- Buitelandse maatskappye wat onder beheer van sy bondgenote en familielede geplaas is (verseker groter finansiële beheer)
- Zaïreanisering bekendgestel (vervang buitelanders met Zaïrese burgers) (goeie leierskap – bemagting van plaaslike inwoners en keer paternalisme om)
- Zaïreanisering het gelei tot korrupsie, nepotisme, diefstal en wanbestuur – (moontlik as gevolg van geen teenkanting)
- Die ekonomie is gekenmerk deur nepotisme en elitisme (groot gaping geskep tussen die elite en gewone burgers/ryk en arm) (swak leierskap)
- Swak ekonomiese beleide het gelei tot die afname in die toestand van infrastuktuur soos paaie, ens. (geen teenkanting teen hierdie beleide nie)
- Mobutu het ŉ kleptokrasie geskep – waarin ŉ groep aangestelde staatsamptenare hul posise vir finansiële gewin misbruik het
- Mobutu is gedwing om Retrosessie (terugkeer van buitelandse eienaars) in te stel (ondoeltreffenheid van Zaïreanisering) – (sy vorige beleide het nie mense inspireer nie)
- Baie min buitelandse eienaars het teruggekeer
- Kongo se ekonomie het in duie gestort (swak ekonomiese beleid) – ondoeltreffenheid van sy eenpartystaat
- Kongo het van buitelandse hulp en beleggings afhanklik geraak, bv. van die Wêreldbank
- Mobutu het tot sy dood in 2007 as lewenslange President gebly
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat **[50]**


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 6: BURGERLIKE SAMELEWING PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet krities bespreek hoe effektief die Swartmagbeweging se verskuiwing van 'n geweldlose protes na 'n meer militante benadering was om verandering in die Verenigde State van Amerika gedurende die 1960's en 1970's teweeg te bring. Die kritiese bespreking moet 'n gebalanseerde siening bied deur aan te dui of die benadering **effektief** of **oneffektief** was om verandering in die Verenigde State van Amerika teweeg te bring. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet kritiese bespreek hoe effektief die Swartmagbeweging se verskuiwing van 'n geweldlose protes na 'n meer militante benadering was om verandering in die Verenigde State van Amerika gedurende die 1960's en 1970's teweeg te bring. Die kritiese bespreking moet 'n gebalanseerde siening bied deur aan te dui of die benadering effektief of oneffektief was om verandering in die Verenigde State van Amerika teweeg te bring.

**UITBREIDING**
- Toestande in die VSA: (Agtergrond inligting)
- Afro-Amerikaners was steeds ekonomies en polities kreupel in die VSA as gevolg van diskriminerende (Jim Crow) wette.
- Gebrek aan 'n gevoel van trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede (Het in ghetto's en krotbuurte gewoon/swak behuising/fasilitiete met gebrekkige hulpbronne).
- Afro-Amerikaners het ongeduldig geraak met die stadige pas van verandering en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's
- Afro-Amerikaners was aan polisiebrutaliteit onderwerp – het tot groei van nasionalitiese gevoelens gelei

**Swartmag-filosofie**
- Swartmag-filosofie het voortgestaan om vertroue by Afro-Amerikaners te vestig deur 'n gevoel van selfgelding te bevorder; selfvertroue; swart trots; beheer van politiek in hul eie gemeenskappe (voortgestaan deur Stokley Carmichael); Afro-Amerikaners om hulself teen polisiebrutaliteit te beskerm
- Afro-Amerikaners om vryheid van Blanke – gesag te soek.
- Bevordering van Afro-haarstyl en Afrika-klere het die slagspreuk "Black is beautiful" geskep

**Black Panther Party**
- In 1966 het Bobby Searle en Huey Newton die Black Panther Party (BPP) vir selfverdediging teen polisiebrutaliteit gestig


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- BPP se Tienpuntplan sal vertroue by Afro-Amerikaners se sosiale, politieke en ekonomiese doelwitte inboesem wat geformuleer is vir die opheffing van die Afro-Amerikaanse gemeenskap
- Die Black Panther Party het voedingskemas, kindersorg en geletterdheidprojekte in swart gemeenskappe bedryf – die voedingskema het honger onder die jeug uitgeroei en leer in skole verbeter
- BPP – geletterheidsprojekte het ongeletterdheid onder die Afro-Amerikaners uitgeroei
- BPP-kindersorgprojekte het na die mediese behoeftes van Afro-Amerikaners in swart gemeenskappe omgesien
- BPP-lede het die strate gepatrolleer om polisie-aktiwiteite te monitor (polisie die polisie) en hulself teen polisiebrutaliteit te verdedig
- BPP het geëis dat die geskiedenis van Afro-Amerikaners in swart skole onderrig moet word
- COINTELPRO, die FBI se intelligensie-program het die Black Panther-party geteiken.
- Lede was inhegtenis geneem en doodgemaak
- Militante beeld het somtyds gemeenskapontwikkelingsprogramme oorskadu
- Interne verdeeldheid en regeringsonderdrukking het teen die laat 1970's tot agteruitgang gelei

**Malcom X**

- Malcom X het gewapende selfverdeding teen wit onderdrukking bevorder
- Hy het aangevoer dat bloedvergieting nodig is vir revolusie (swart nasionalisme) en het selfrespek en selfdissipline gepleit
- Bevorder die konsep van Swart Trots
- Afro-Amerkaners aangemoedig om op te staan en wit Amerikaanse owerhede uit te daag in die nastrewing van vryheid, geregtigheid en gelykheid met enige moontlike middel
- Ondersteun die gebruik van geweld as 'n manier van selfverdediging teen diegene wat Afro-Amerikaners aangeval het

**Stokely Carmichael**

- Stokely Carmichael het geglo dat die nie-geweldadige strategie misluk het as gevolg van voortdurende geweld teen Afro-Amerikaners
- Bepleit die uitsluiting van wit "liberale" as 'n filosofie vir Afro-Amerikaners
- Hy het die idee om die VSA in aparte swart en wit gemeenskappe te verdeel bevorder
- Hy was gekant teen die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog

**Prestasies/Impak**

  - die mees voor-die-handliggende vorme van rassediskriminasie het geëindig
- Rassegeweld en spanning het afgeneem
- Afro-Amerikaners is tot openbare ampte verkies
- Behuising en fasiliteite van Afro-Amerikaners is verbeter
- Swart geletterdheid en afhanklikheid van staatstoelae was beperk
- Regstellende aksiebeleide vir federale indiensneming is ingestel

**Tekortkominge**

- Beperk in die bereiking van langtermyn ekonomiese verandering, konfronterende houding het tot staatsonderdrukking en verminderde breë openbare steun gelei.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

- Het nie volle ekonomiese gelykheid bereik nie – armoede en werkloosheid het voortgeduur
- Skole in oorwegend swart gebly bly onderbefonds
- Diskriminasie duur steeds voort in polisiëring, indiensneming en gesondheidsorg
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**